higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLIGTINGVERWERKING N5

(6020275)

2 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 21 bladsye.

004Q1B2202

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLIGTINGVERWERKING N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 300

VRAESTEL	TYD	PUNTE
AFDELING A: TIKTEGNIEK	**2 uur**	**200**
AFDELING B: OUDIOTRANSKRIPSIE	**1 uur**	**100**
TOTAAL	**3 uur**	**300**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

KANDIDATE WORD 30 MINUTE VOOR DIE BEGIN VAN DIE VRAESTEL GEGUN OM DIE INSTRUKSIES DEUR TE LEES.

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat jy die vrae beantwoord – die toesighouers sal verduidelik indien nodig.

AFDELING A: TIKTEGNIEK

1. Kandidate wat nie betyds en vir die TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS (VRAAG 1) gereed is nie, sal slegs toegelaat word om die eksamenlokaal binne te gaan nadat die TIEN minute wat vir die toets toegelaat word, verstryk het.

2. Kandidate word DRIE minute gegun om VRAAG 1, die TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS, voor die begin van die toets deur te lees.

3. Die toets moet aan die begin van die eksamen ingesleutel word. Geen kappies, deeltekens, ens. hoef gebruik te word nie, maar dit is wel noodsaaklik in die ander vrae.

4. Nadat die TIEN minute wat vir die TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS toegelaat is, verstryk het, sal die toesighouer jou toets inneem en onderteken. Dit sal tot aan die einde van die eksamensessie gehou word, waarna dit, in jou teenwoordigheid, in jou EKSAMENOMSLAG geplaas sal word.

5. Beantwoord al die vrae.

6. Prosedure vir VRAAG 2, 3, 4, 5 en 6: Sleutel in, stoor en druk.

7. Herwin die briefhoof wat as VRAAG 3 op jou datadisket/hardeskyf/netwerk gestoor is.

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: OUDIOTRANSKRIPSIE

Jy het die volgende inligting ontvang:

1. Inligting oor die vrae
2. Aantekeninge oor die vrae
3. Klankkasset of oudiosagteware

LET WEL:

1. Indien 'n klankkasset gebruik word, wen die kasset terug voordat jy met die transkripsie begin.
2. Voltooi die inligting (beginpunt op die teller/indeks) soos in die AANTEKENINGE OOR DIE EKSAMENVRAE aangedui is.

DRUKWERK

Elke antwoord moet slegs op EEN kant van 'n afsonderlike A4-bladsy gedruk word.

ALGEMEEN

1. Jy mag ASCII kodes gebruik.
2. Geen aantekeninge of enige nietoelaatbare materiaal mag in hierdie artikels versteek of geskryf word nie.
3. Werk vinnig en akkuraat om die vraestel betyds te voltooi.
4. Stoor jou werk op 'n gereelde basis om te verhoed dat ingesleutelde data tydens 'n kragonderbreking verlore gaan. Slegs die duur van die kragonderbreking sal bykomend toegelaat word – geen bykomende tyd sal toegelaat word om verlore werk oor te doen nie.
5. In die geval van 'n rekenaar- of drukkerweiering sal die toesighouer die nodige reëlings tref vir die kandidate om met die eksamen voort te gaan en die werklike tyd wat verlore gegaan het, sal bykomend toegelaat word.
6. Sleutel die VRAAGNOMMER asook jou EKSAMENNOMMER vir elke vraag in soos aangedui in die instruksies. Antwoorde sonder gedrukte EKSAMENNOMMERS sal nie nagesien word nie.

Kopiereg voorbehou

7. Lewer die volgende aan die einde van die eksamensessie in:

   7.1 EKSAMENOMSLAG met DRUKSTUKKE wat nagesien moet word in dieselfde volgorde as die vrae in die VRAESTEL.

   7.2 Disket wat behoorlik met jou EKSAMENNOMMER gemerk is. Indien die werk op die hardeskyf/netwerk gestoor is, moet die toesighouer(s) die werk na 'n kompakskyf/geheuestokkie oordra en onmiddellik daarna al die antwoorde van die hardeskyf/netwerk skrap. Studente se antwoorde moet vir ten minste SES maande behou word.

   7.3 Die teruggewende kasset.

   7.4 Alle ander DRUKSTUKKE. Geen DRUKSTUKKE mag uit die EKSAMENLOKAAL verwyder of in die snippermandjies geplaas word nie.

8. Geen kandidaat mag sy/haar werk vir 'n ander kandidaat druk nie, mag nie sy/haar geheuestokkie of data op die hardeskyf/netwerk aan 'n ander kandidaat beskikbaar maak om daartoe toegang te verkry nie, of mag nie tot 'n ander kandidaat se werk toegang verkry nie. Enige poging om toegang tot 'n ander se inligting te bekom of om inligting in enige vorm na mekaar oor te dra, is 'n oortreding van die eksamenreëls en -regulasies en sal in 'n baie ernstige lig beskou en as 'n eksamenonreëlmatigheid hanteer word. Sodanige gevalle sal formeel ondersoek word en mag lei tot die terughouding van kandidate se uitslae.

WAG VIR DIE TOESIGHOUER SE OPDRAG

VOORDAT JY OMBLAAI

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

TIKTEGNIEK

	TYD	PUNTE
VRAAG 1: TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS	**10 minute**	**20**
VRAAG 2: TABEL	**24 minute**	**40**
VRAAG 3: OMSENDBRIEF	**28 minute**	**45**
VRAAG 4: JAARVERSLAG	**24 minute**	**40**
VRAAG 5: UITNODIGING	**22 minute**	**35**
VRAAG 6: AFRIKATAAL	**12 minute**	**20**
TOTAAL	**120 minute**	**200**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS

TYD: 10 MINUTE **PUNTE: 20**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" REËLAFSTAND: 1,5 of 2,0 SPOED: 45 wpm (minimum vereiste)	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Geen BELYNING: Links FONT: Courier New 12 pt

1. Die TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS moet slegs EEN keer ingesleutel word.
2. Die teks maak voorsiening vir spoed van 45 en 50 woorde per minuut.
3. As 'n kopskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER (linksbelyn) en VRAAG 1 (regsbelyn) in.
4. Stoor die dokument as V1 en druk dit.
5. Jou toets moet aan die begin van die eksamen deur die toesighouer ingeneem en onderteken word. Alle bladsye moet onderteken word.

Elektrisiteit is die stel fisiese verskynsels wat verband hou met die teenwoordigheid en beweging van materie wat oor die eienskap van elektriese lading beskik. Elektrisiteit hou verband met magnetisme en albei maak deel uit van die verskynsel van elektromagnetisme.

Verskeie algemene verskynsels hou verband met elektrisiteit, insluitend weerlig, statiese elektrisiteit, elektriese verhitting, elektriese ontladings en vele ander.

Elektrisiteit maak die kern uit van baie moderne tegnologieë wat elektriese krag gebruik waar elektriese stroom gebruik word om toerusting te bekrag; elektronika wat gaan oor elektriese kringe wat aktiewe elektriese komponente insluit soos vakuumbuise, transistors, diodes en geïntegreerde kringe asook verwante passiewe tussenverbinding-tegnologieë.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1 (VERVOLG)

Die vinnige uitbreiding van elektriese tegnologie in hierdie tyd het nywerheid en die samelewing herskep deur die dryfkrag vir die tweede industriële revolusie te word.

Elektrisiteit se uitstekende veelsydigheid beteken dat dit vir 'n feitlik oneindige stel toepassings gebruik kan word wat vervoer, verhitting, verligting, kommunikasie en berekening insluit. Elektriese krag is nou die ruggraat van die moderne industriële samelewing.

Die vraag na elektrisiteit groei baie vinnig soos 'n nasie moderniseer en sy ekonomie ontwikkel. Histories gesproke het die groei van die vraag na elektrisiteit enige ander vorme van energie oortref.

Omgewingskwessies oor die opwekking van elektrisiteit het gelei tot die verhoogde fokus op die opwekking van hernubare bronne, veral van wind en sonenergie. Hoewel daar verwag kan word dat die debat oor die omgewingsimpak van die verskillende maniere van elektrisiteitproduksie sal voortgaan, is elektrisiteit se finale vorm relatief skoon.

Die effek van elektromagnetisme is die beste sigbaar in die elektriese motor wat skoon en doeltreffende beweegkrag verskaf.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1 (VERVOLG)

Elektriesgedrewe voertuie word in openbare vervoer gebruik, soos elektriese busse en treine en 'n toenemende aantal batteryaangedrewe elektriese motors in privaatbesit.

Kragaanlegte is feitlik nooit in stede nie. Dit is weens verskeie faktore: grondpryse, beskikbaarheid van warmteruiling, beskikbaarheid van brandstof en emissies. Die meeste van hierdie faktore soos grondpryse en die beskikbaarheid van water is maklik om te identifiseer en te kwantifiseer. Ten spyte hiervan is een van die belangrikste beperkende faktore vir die bou van 'n kragaanleg negatiewe openbare gesindhede.

45 wpm

Mense

50 wpm

[20]

VRAAG 2: TABEL

TYD: 24 MINUTE **PUNTE: 40**

KANTRUIMTES: Links: 1,27 cm/0,5" Regs: 1,27 cm/0,5" REËLAFSTAND: Enkel, behalwe waar anders aangedui is	PAPIER: A4-landskap WOORDBREKING: Geen BELYNING: Soos aangedui FONT: Arial 12 pt (behalwe waar anders aangedui is)

1. As 'n kopskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER (linksbelyn) en VRAAG 2 (regsbelyn) in.
2. Neem alle proefleestekens in ag.
3. Voeg 'n TABEL in.
4. Stoor die dokument as V2 en druk dit.
5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Eskom se tweeweeklikse verslag oor die toestand van die stelsel } dubbelo/streep
‡ } Berlin Sans FB 16 pt, bk,
Geïnstaleerde kapasiteit sp } sentreer
‡

Kandidaat: Alle kolomopskrifte in vetdruk en horisontaal en vertikaal gesentreer.
Gebruik beskaduïng vir alle kolomopskrifte.
Sleutel alle maande voluit in.

loop aan

Week Begin	Week NR	47 000 Megawatt aan die begin van die jaar 2020		
		Suid-[Afrikaanse [Gekontrakteerde [Voorspelling	Huishoudelike [Voorspelling	Beskikbare [Verbruik-[bare [Kapasiteit
6 Jan	2	29374	27620	42972
20 Jan	4	30514	28833	43642
3 Feb	6	30904	29661	43193
17 Feb	8	30736	29493	42895
2 Maart	10	31096	29900	41555
~~04-Maart-20~~	~~12~~	~~31100~~	~~29222~~	~~40000~~ skrap
16 Maart	12	30893	29555	44387
30 Maart	14	31678	30627	41395

‡

Bron: Eskom Twee(e)weeklikse Stelselverslag 2020 (30/12/2019 tot 30/03/2020) } vetdruk, kurs

VRAAG 2 (VERVOLG)

loop aan

Beskik- [bare [Kapasiteit	Beplande [Onderhoud	Onbeplan- [de [Veronder- [stelling	Beplande [Risiko- [vlak	Moontlike [Risiko- NR [Scenario
31272	5261	9500	11707	13710
31942	4591	9500	11709	13730
30908	5625	11711	9500 trs	13750
31455	5040	9500	11713	~~13770~~ ~~17370~~ stet
31750	5338	9500	11715	13790
30976	5557	9500	11720	13720
29695	3646	9500	11725	13725

[40]

VRAAG 3: OMSENDBRIEF

TYD: 28 MINUTE **PUNTE: 45**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" REËLAFSTAND: Enkel, behalwe waar anders aangedui is	PAPIER: Briefhoof WOORDBREKING: Outomaties BELYNING: Links FONT: Courier New 12 pt

1. Herwin die briefhoof, VRAAG 3, wat in die lêergids, INLIGTINGVERWERKING N5, gestoor is.
2. As 'n kopskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER (linksbelyn) en VRAAG 3 (regsbelyn) in.
3. Neem alle proefleestekens in ag.
4. Stoor die dokument as V3 en druk dit.
5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Vandag se datum voluit

Aan alle inwoners bk

Wenke om / beurtkragpyn te troef Castellar 18 pt, bk, vetdruk, dubbelrand

Beurtkrag is terug, en niemand is gelukkig daaroor nie. loop aan

Tensy jy geld het vir kragopwekkers, sonkraginstallasies, of ander duur alternatiewe, is / realiteit dat daar 'n kans is dat jy die risiko loop om vir tydperke krag te verloor totdat / nasionale netwerk weer stabiel is.

In ons tegnies gedrewe ~~wêreld~~ land is dit baie ontwrigtend om 'n paar uur stet sonder elektrisiteit te wees, maar om krag te verloor beteken nie om produktiwiteit te verloor nie. In hierdie artikel kyk ons na sommige sleutelstrategieë vir / vermindering van / beurtkragspook. vetdruk, kurs

1. Belê in / regte toerusting bk, vetdruk, dubbelo/streep

1.4 Stuwingsbeskermers: Wanneer / krag weer aankom, kan jou vetdruk elektriese kringe kragstuwings ondergaan – wat jou toestelle kan beskadig. Stuwingsbeskermers wat direk in die inprop muurprop, is trs relatief goedkoop en sal / risiko verminder dat kragstuwings waardevolle toerusting beskadig.

VRAAG 3 (VERVOLG)

1.1 ǂ Alternatiewe krag: As jy dit kan bekostig, koop 'n kragopwekker vetdruk
of okt om vir jou nootkrag te voorsien as jy dit die meeste nodig het. bk sp
ǂ
1.3 ǂ Verligting: Koop of maak sonaangedrewe noodligte, gebruik 'n vetdruk
flits of op / minste, gebruik gewone, oudtydse kerse. Maak seker
dat jy vuurhoutjies of 'n aansteker het. 'n Lampskoorsteen is 'n
goedkoop maar waardevolle belegging om / risiko van toevallige
brande te voorkom indien 'n kers sou omval.
ǂ
1.2 ǂ Kook/verhitting van kos: Beurtkragtye verander elke dag, so daar vetdruk
is 'n kans dat jy met etenstye sonder krag kan wees. Om te verseker dat
jy tydens beurtkrag steeds kos en vloeistowwe kan opwarm of gaarmaak,
belê in 'n klein, dog kragtige kooktoestel soos 'n sonkoker of 'n
2Λplaatgasstoof. Jy kan ook voorsorg tref voordat die krag afgaan voluit Λ -
soos om in 'n Wonder◯bag teΛkook of 'n fles warm water o/streep Λ #
byderhand te hou.
ǂ
2. Ken jou skedule en / beurtkragstand bk, vetdruk, dubbelo/streep
ǂ
/ huidige beurtkrag gaan met redelik betroubare skedules gepaard – jy
kan dus vooruit beplan. Hou die skedule altyd byderhand – in gedrukte
vorm of op jou mobiele toestel ~~of selfoon~~. [Plaaslike en nasionale skrap NP
beurtkragstand kan in 'n oomblik verander; bly dus op die hoogte deur
aan die regte inligtingsbronne te koppel.
ǂ
Twitter: @Eskom SA
Webtuistes: Eskom } Castellar 20 pt, bk, regsbelyn

Besturende Direkteur Sit afsluiting korrek uiteen

Kandidaat:

- Rangskik die paragrawe in numeriese volgorde.
- Nommer paragrawe en keep in.
- Nommer bladsy twee, links bo.

[45]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4: JAARVERSLAG

TYD: 24 MINUTE **PUNTE: 40**

KANTRUIMTES: Gebruik gelyke kantruimtes REËLAFSTAND: Enkel, behalwe waar anders aangedui is	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Geen BELYNING: Links FONT: Arial 12 pt

1. As 'n kopskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER (linksbelyn) en VRAAG 4 (regsbelyn) in.
2. Neem alle proefleestekens in ag.
3. Stoor die dokument as V4 en druk dit.
4. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

skuif

Eskom se finansiële verslae wat onlangs vrygestel is toon dat die kragvoorsiener wat deur die staat besit word, baie geld verloor. o/streep

~~In die gepubliseerde inkomstestaat word daar aangedui dat Eskom se bedryfsmaatskappy, dit is die deel van die maatskappy wat elektrisiteit opwek en verspreí, teenoor die groep wat ander aktiwiteite én die bedryfsmaatskappy insluit, in die jaar geëindig 31 Maart 2018, R5,7 miljard verloor het.~~ skrap

Een jaar gelede het / verskaffer 'n verlies van 870 miljoen getoon; en een jaar tevore, 'n wins van R5 miljard. loop aan

Dit beteken dat / organisasie tussen 2016 en 2018 miljarde verloor het.

Verkorte inkomstestate

Vir die jaar geëindig 31/03/2018 } bk, vetdruk, sentreer voluit

Elektrisiteitresultate 16 pt, gesp hfls, vetdruk, sentreer

Inkomste laag, kostes hoër, massiewe verlies – hoe sal die ligte aanbly? } kurs, o/streep

VRAAG 4 (VERVOLG)

		2018 + Rm	2017 + Rm
Voortgesette bedrywighede bk			
Inkomste		177424	177136
Ander inkomste		1372	1573
Primêre energie		(85202)	(82760)
Werknemervoordeeluitgawe		(29454)	(33178)
Netto waardeverlies		(553)	(1669)
Ander uitgawes	e/r	(18228)	(23570)
Wins waardevermindering voor en amortisasie-uitgawes	trs	45359	37532
Waardevermindering en amortisasie-uitgawes		23132	(20300)
Netto billike verlies aan finansiële ~~instrumente~~	stet	1898	(3342)
Billike netto verlies aan ingebede derivate sp		123	1611
Wins voor Λ finansieringskoste Λ netto		20452	15501
Netto finansieringskoste		(23089)	(14377)
Finansieringsinkomste		2872	5212
Finansieringskoste		(25961)	(19589)
Deel van ekwiteitswinsΛvan beleggers na belasting Λ #		34	35
(Verlies)wins voor belasting		(2603)	1159
Inkomstebelasting		266	(271)
(Verlies)wins vir die jaar bk, vetdruk	vetdruk →	(2337)	888

vetdruk kolom

Kandidaat:

- Regsbelyn alle bedrae

[40]

VRAAG 5: UITNODIGING

TYD: 22 MINUTE **PUNTE: 35**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" REËLAFSTAND: Enkel, behalwe waar anders aangedui is	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Geen BELYNING: Links FONT: Arial 12 pt (behalwe waar anders aangedui is)

1. As 'n kopskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER (linksbelyn) en VRAAG 5 (regsbelyn) in.
2. Neem alle proefleestekens in ag.
3. Stoor die dokument as V5 en druk dit.
4. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Jy word uitgenooi [na / NR
#
Bekendstelling van [Electro24 se NP
#
Aanlyn Elektrisiteitverkoper! gesp hfls, beskaduïng
#
Waar jy: vetdruk, kurs, sentreer

Berlin Sans FB 18 pt, sentreer

[Voorafbetaalde Elektrisiteit en ʌ aanlyn kan koop! NP ʌ E-bewyse
#
Electro24 spesiaaliseer sedert 2009 in / verkoop van voorafbetaalde elektrisiteit vir alle groot vetdruk SA munisipaliteite. vetdruk sp voluit loop aan

Die aankoop van elektrisiteit is ook makliker as ooit! Munisipaliteite wat Electro24 verteenwoordig, sluit in: vetdruk
#
Stad Kaapstad
City Power
Tshwane
George
Mosselbaai
Steve ~~Tshwete~~ (Middelburg Mpumalanga) stet
Rustenburg
Mbombela
Mangaung
Ekurhuleni en
Govan Mbeki Munisipaliteit en vele ~~vele~~ ander. skrap
#

voeg enige kolpunte in 1,5 reëlafstand

VRAAG 5 (VERVOLG)

Vir alle toekomstige aankope, doen eenvoudig 'n jou bankrekening EFO uit trs en jy sal jou elektrisiteit binne minute ontvang! Jy sal presies dieselfde vir jou elektrisiteit betaal as wanneer jy dit by jou plaaslike munisipaliteit, diensverskaffer of Eskom koop, nie 'n sent meer nie! dubbelonderstreep

Kandidaat:
Voeg 'n bladsyrand in

[35]

VRAAG 6: AFRIKATAAL

TYD: 12 MINUTE **PUNTE: 20**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" REËLAFSTAND: 2,0	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Geen BELYNING: Links FONT: Courier New 12 pt
1. As 'n kopskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER (linksbelyn) en VRAAG 6 (regsbelyn) in. 2. Sleutel in soos aangedui is. 3. Stoor die dokument as V6 en druk dit. 4. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	

Leha baahi ba se ba tseba hantle tsela ea ho sebetsana le meferefere, baeti ba ngata Afrika Boroa ba sala ba ferekane ke mohopolo le hore na o tla ba ama joang.

Ho fapana le matsatsing a pele a tsollo ea meroalo, litoropo tse ngata joale li na le merero ea ho lemosa baahi ka litheko tsa motlakase tse tlang le lits'ebetso tsa ho lahla thepa – le ha tsena hangata li ferekanya ebile li sa latelehe.

Ho tsolla moroalo hangata ho etsahala ka lihora tse peli, 'me ho hobe ka ho fetisisa hangata ho ka etsahala habeli ka letsatsi.

[20]

TOTAAL AFDELING A: 200

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

OUDIOTRANSKRIPSIE

	TYD	PUNTE
VRAAG 7: TOESPRAAK	**20 minute**	**35**
VRAAG 8: PARAGRAWE	**15 minute**	**25**
VRAAG 9: MEMORANDUM	**25 minute**	**40**
TOTAAL	**60 minute**	**100**

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: OUDIOTRANSKRIPSIE

INLIGTING OOR DIE EKSAMENVRAE

Jy is 'n persoonlike assistent. Jou bestuurder het vir jou 'n kasset met opgeneemde take gegee wat jy in die uur wat hy/sy gaan weg wees, moet voltooi.

1. Jou eerste taak (**VRAAG 7**) is om die TOESPRAAK in te sleutel en te druk.

   WOORDE:

   Glen Mabuda; mediaverklaring; onvoorwaardelik; waarskuwing; kontekstualiseer; samewerking

2. Jou tweede taak (**VRAAG 8**) is om die PARAGRAWE in te sleutel en te druk.

   WOORDE:

   elektronika, programmatuur; geskeduleerde; beurtkragtydperk; stuwings; datakonneksie

3. Jou derde taak (**VRAAG 9**) is om die MEMORANDUM in te sleutel en te druk.

   WOORDE:

   ontwrigting; onklaarrakings; geassosieer; ingenieurs; periodiek

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7: TOESPRAAK

TYD: 20 MINUTE **PUNTE: 35**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" REËLAFSTAND: Soos aangedui	PAPIER: A5-landskap WOORDBREKING: Geen BELYNING: Links FONT: Courier New 12 pt
1. As 'n voetskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER (linksbelyn) en VRAAG 7 (regsbelyn) in. 2. Die beginpunt op die teller/indeks is ... 3. Die leestyd is ± 17½ minute. 4. Stoor die dokument as V7 en druk dit. 5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	

[35]

VRAAG 8: PARAGRAWE

TYD: 15 MINUTE **PUNTE: 25**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" REËLAFSTAND: Soos aangedui	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Outomaties BELYNING: Links FONT: Arial 12 pt
1. As 'n voetskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER (linksbelyn) en VRAAG 8 (regsbelyn) in. 2. Die beginpunt op die teller/indeks is ... 3. Die leestyd is ± 12½ minute. 4. Stoor die dokument as V8 en druk dit. 5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	

[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9: MEMORANDUM

TYD: 25 MINUTE **PUNTE: 40**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" REËLAFSTAND: Soos aangedui	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Geen BELYNING: Links FONT: Arial 12 pt
1. As 'n voetskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER (linksbelyn) en VRAAG 9 (regsbelyn) in. 2. Die beginpunt op die teller/indeks is ... 3. Die leestyd is ± 20 minute. 4. Stoor die dokument as V9 en druk dit. 5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	

[40]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou